Motheo Onderwysdistrik

AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL

Vraestel 1

Junie 2015

PUNTE: 120

GRAAD: 11

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

   AFDELING A: Leesbegrip (30 punte)
   AFDELING B: Opsomming (10 punte)
   AFDELING C: Taal (40 punte)
   AFDELING D: Letterkunde (40 punte)

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek 'n streep ná elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

7. Gee besondere aandag aan spelling en sinsbou.

8. Voorgestelde tydsindeling:
   AFDELING A: 50 minute
   AFDELING B: 30 minute
   AFDELING C: 40 minute
   AFDELING D: 30 minute

9. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: LEESBEGRIP

VRAAG 1

TEKS A

Lees die artikel en beantwoord die vrae.

Ek slaan brande in die veld.

1 "As jy kalm is en nie bang is nie dan sal jy die regte dinge doen."

2 Louis Conradie is 'n brandslaner van Kaapstad. Hy hou van sy werk, veral as hy baie hoë vlamme kan doodslaan.

3 Hy is die leier van 'n brandspan. Hulle het Februarie gehelp om die veldbrande in die berge naby Kaapstad te blus. In die brande is baie skade aan die fynbos en dennebome aangerig. Gelukkig het net 'n paar huise afgebrand.

4 Conradie is al 16 jaar 'n brandslaner. Hy is die laaste drie jaar 'n voorman. Hulle word baie deeglik geleer wat hulle moet doen in 'n veldbrand. Om veldbrande te slaan is baie gevaarlik. Brandslaners moet baie keer na veiligheid hardloop omdat die vlamme hoog is.

5 As die veldbrande baie sterk is, dan help helikopters om die brande te blus. Hulle skep groot sakke vol water in damme en vlieg dan na die veldbrande. Daar gooi hulle die water oor die vlamme. 'n Groot klomp water blus die vuur onmiddellik.

6 Brandslaners verdien sowat R2 000 per maand en word ook oortyd betaal. Hulle word goed betaal, maar Louis sê die lekkerste is dat hy die veld beskerm as hy veldbrande blus.

7 Die brandslaners kry nie baie rus nie. Hulle maak beurte om te rus. Die meeste manne rus as daar minder vlamme is.

8 Hulle eet ook tussendeur die brandslanery. Die publiek is baie goed vir hulle. As daar groot veldbrande is, dan kry hulle baie water en die vrouens sorg altyd dat hulle lekker kos het om te eet. Winkels soos SPAR en PICK 'N PAY

sit ook trollies by hulle deure waar die mense water vir die brandslaners kan sit.

9 “As daar ’n krisis is, klink dit soos ’n sokkerwedstryd oor die radio. Almal gee vir mekaar bevele en as ons planne nie slaag nie, maak ons ’n ander plan.”

10 Partykeer sien hulle bokke vlug, maar hulle gee eers die bokke kans om weg te kom. “As ons raas, sal die bokke weer na die vlamme hardloop. Ons bly stil totdat die bokke veilig is. Maar die meeste diere, veral Cheetahs ruik die brand van ver af en maak hulle uit die voete.”

11 “Ek is lief vir my werk. Die natuur is belangrik,” som Conradie sy redes op waarom hy die werk gekies het.

[Verwerk en bygewerk uit *X-kit* Afrikaans Addisionele Taal en eksaminator se eie kennis]

1.1 Watter soort werk doen ’n brandslaner? (1)

1.2 Wanneer sal jy ’n goeie brandslaner wees? (paragraaf 1) (1)

1.3 Wanneer hou Louis Conradie baie van sy werk? (1)

1.4 Noem TWEE plekke waar daar in Februarie brande was. (2)

1.5 Watter plante het baie skade tydens die veldbrande gekry? Noem TWEE (2)

1.6 Hoekom is die volgende stelling ONWAAR

Louis Conradie is al 18 jaar ’n brandslaner. Motiveer jou antwoord met TWEE woorde uit paragraaf 4. (1)

1.7 Kies die regte antwoord en skryf net die vraagnommer en die regte letter (A-D) neer:

As die vlamme hoog is, ...

A is die brandslaners baie bang.
B hardloop die bokke na die vuur.
C kan die cheetahs nie die vuur ruik nie.
D hardloop die brandslaners na veiligheid. (1)

1.8 Noem TWEE maniere waarop helikopters brande blus. (2)

1.9 Wat maak Louis gelukkig as hy brande blus? (paragraaf 6) (1)

1.10 Hoe sorg die publiek vir die brandslaners. Noem TWEE maniere. (2)

1.11 Wat doen winkels om die brandslaners te help? (1)

1.12 Voltooi: As daar ’n krisis is, klink dit soos ’n ... oor die radio. (1)

1.13 Wat doen die bokke as die brandslaners raas? (1)

1.14 Kies die regte antwoord en skryf net die vraagnommer en die regte letter (A-D) neer:

As die cheetahs hulle uit die voete maak, beteken dit hulle ...

A kyk na hulle pote
B hardloop weg
C pote brand
D is bang (1)

1.15 Watter manier gebruik die diere om hulle teen vuur te beskerm? (1)

1.16 Dink jy Louis Conradie hou van sy werk? Gee TWEE redes uit die teks om jou antwoord te motiveer. (2)

1.17 Sou jy graag ’n brandslaner wil word. Motiveer jou antwoord. (1)

[22]

TEKS B: Advertensie

<table>
<tr><td>
</td><td>Nuwe boeke op die boekrak gedurende JUNIE</td></tr>
<tr><td>Hierdie boek is ideaal vir klein kindertjies! Seuntjies en dogtertjies hou van stories met ’n gelukkige einde.</td><td>
</td></tr>
<tr><td> 
</td><td>’n Lekker speurverhaal vir Pa</td></tr>
<tr><td>En ’n goeie storie vir sussie. Haar tone sal krul van lekkerlees.</td><td>
</td></tr>
<tr><td colspan="2">Waar: By enige boekwinkel wat boeke verkoop OF bestel dit by NB-boeke: Posbus 23456, Kaapstad.</td></tr>
</table>

1.18 Watter uitgewers adverteer hulle boeke in die advertensie? (1)

1.19 Noem DRIE groepe mense vir wie die advertensie is. (3)

1.20 Watter woord sê vir ons dat *Tania en die Towerfluitjie* die regte boek vir klein kindertjies is? (1)

1.21 Wat is die naam van die boek wat 'n pa graag sal wil lees? (1)

1.22 Kies die regte antwoord en skryf net die vraagnommer en die regte letter (A-D) neer:

"haar tone krul van lekkerlees" beteken

A haar tone jeuk.
B sy lê en lees.
C dit is baie lekker om te lees.
D sy hou nie van lees nie. (1)

1.23 Hoekom dink jy is die letters in die advertensie so groot? (1)
(8)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

OPSOMMING

TEKS C: VRAAG 2

- Som die dinge wat mens moet onthou as jy tuinmaak op.
- Skryf die SEWE dinge PUNTSGEWYS neer.
- Nommer die sinne van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag nie langer as 60 woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

Dit is tyd vir blomme!

Nuwe plantjies kan voor jou oë doodgaan as jy nie die basiese dinge van tuinmaak onthou nie.

Die eerste ding wat jy moet weet om suksesvol tuin te maak is om die regte gereedskap(tools) te hê. Jy gaan onder andere verskillende skêre(scissors) nodig hê asook 'n vurk, graaf en 'n hark.

Dit is belangrik om die regte plek vir jou blombedding(flower-bed) te kies – 'n plek waar jou blomme elke dag 6-8 ure son gaan kry, is die beste.

Berei(prepare) jou blombedding goed voor. Die grond moet ten minste 30 cm diep omgespit word en werk dan baie goeie kompos en kraalmis(kraal-manure) in. Doen dit 'n paar dae voor jy plant en maak die grond goed nat.

Plant plante wat min of meer ewe veel water nodig het, bymekaar. Lees die aanwysings(instructions) op die pakkies.

Kombineer(combine) blomplante wat net vir 'n jaar groei met blomme wat vir

meer as ’n jaar groei. Sodoende hoef jy nie soveel plante op een slag te vervang(replace) wanneer hulle aan die einde van die somer klaar geblom het nie.

Maak seker jy weet hoe hoog en breed elke plant gaan word voor jy jou bedding beplan. Die hoër plante moet agter staan, die medium plante in die middel en die lae plante voor.

Sny gereeld al die dooie blomkoppe af – dit laat jou plante heeltyd nuwe blomme maak.

[Verwerk uit *SA Tuinpaleis* Oktober 2010]

(10)

AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

VRAAG 3: ADVERTENSIE

Lees die advertensie en beantwoord die vrae.

[Advertensie geskep deur eksaminator]

3.1 Gee die VERKLEININGSVORM van die woord **basaar**. (1)

3.2 Skryf die syfer **6** uit in woorde. (1)

3.3 Kies die korrekte ANTWOORD. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A-D) neer.

Van vroeg tot laat beteken ...

A van die môre tot die aand
B van 18:00 tot 20:00
C die hele aand
D net in die oggend (1)

3.4 Die woord “poeding” bestaan uit die lettergrepe poe-ding.

Verdeel die woord **koeldrank** in lettergrepe en skryf dit neer. (1)

3.5 Gee die MEERVOUD van die woord **slaai**. (1)

3.7 Skryf die twee woorde waaruit die woord **springkasteel** bestaan, neer. (1)

3.8 Kies die korrekte ANTWOORD. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A-D) neer.

Die doel van die verskillende soorte letters in die advertensie is ...

A om die mense se aandag te trek.
B vir versiering
C om die advertensie maklik te lees.
D omdat dit interessant is. (1)

3.9 Skryf die sin in die VERLEDE TYD.
Die basaar is by Moemedi skool. (1)

3.10 Skryf die sin in die ONTKENNENDE VORM
Hoenderpastei is ’n baie lekker gereg. (1)

[10]

VRAAG 4: STROKIESPRENT

TEKS E

[Internet]

4.1 Skryf die sin in die VERLEDE TYD.

Die seun skree met ’n harde stem.
Begin so: Die seun ... (1)

4.2 Skryf die sin in die TOEKOMENDE TYD.

Die seun dra ’n ronde brilletjie.
Begin so: Die seun (1)

4.3 Skryf die sin in ’n VRAAGSIN. Begin met die onderstreepte woord.

Ek <u>het</u> dit op die internet gekry.. (1)

4.4 Skryf die sin in die indirekte rede.

Die vrou vra: Kry jy die feite op die Internet?
Begin so: Die vrou vra of (1)

4.5 Gee ’n ANTONIEM vir verkeerd. (1)

4.6 Gee die INTENSIEWE VORM van hard in die volgende sin:
Die seun skree baie hard. (1)

4.7 Skryf die woord wat in die sin met ’n HOOFLETTER gespel moet word, neer.
Die vrou is mej. melesi. (1)

4.8 Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies.

Die rekenaar is die (klein) wat mens kan kry. (1)

4.9 Skryf die volgende sin as ’n BEVELSIN.
Jy kry die feite op die internet. (1)

4.10 Skryf ’n KOMMA op die regte plek in die sin. Onderstreep die komma wat jy ingevul het.

Die seun is kwaad maar die onderwyseres bly kalm. (1)
[10]

VRAAG 5

VRAAG 5.1

TEKS F: ARTIKEL

Gebruik die teks om die vrae te beantwoord.

Weet jy regtig wat ’n paar drankies aan jou liggaam doen

Ná (5.1.2) die/’n eerste drankie word jy meer ontspanne met baie selfvertroue.
Ná twee drankies begin jou (5.1.3) liggaam ontwater.
Ná drie drankies word jou reaksie stadiger en jou lewer werk harder om die gif van die alkohol uit jou liggaam te kry.
Ná vier drankies raak jy emosioneel en deurmekaar.
Ná vyf drankies begin jy sleg sien.
Ná ses drankies raak jy depressief.
Ná agt drankies sukkel jy om te beheer wat jy sê en doen. Jy voel naar en jy kan jou bewussyn verloor.

Baie alkohol in jou bloed (5.1.8) ly/lei daartoe dat jy nie reg asemhaal nie of jou (5.1.9) hart se ritme deurmekaar raak.

Kenners sê dat sosiale drinkery baie gewild onder (5.1.10) jong + mense is. Sosiale drinkery is ook die (5.1.11) gevaarlik vorm van drankgebruik.

[Verwerk en aangepas uit: *Huisgenoot.com_new/leefstyl/gesondheid_leefstyl*

5.1.1 Vul ’n regte leesteken in die titel in. Skryf die sin oor en onderstreep die leesteken wat jy ingevul het. .

Weet jy regtig wat ’n paar drankies aan jou liggaam doen (1)

5.1.2 Kies die regte LIDWOORD en skryf dit neer. (1)

5.1.3 Gee die MEERVOUD van “liggaam”. (1)

5.1.4 Skryf die sin in 'n VRAAGSIN. Begin met die onderstreepte woord.
Ná drie drankies <u>word</u> jou reaksie stadiger. (1)

5.1.5 Skryf die sin in die VERLEDE TYD.

Ná vier drankies raak jy emosioneel en deurmekaar.
Begin so: Na vier drankies het ... (1)

5.1.6 Skryf die sin in die TOEKOMENDE TYD.

Ná vyf drankies begin jy sleg sien.
. **Begin so:** Na vyf drankies sal ... (1)

5.1.7 Skryf die sin in die INDIREKTE REDE.

Meneer sê: Na ses drankies raak jy depressief.
Begin so: Meneer sê dat ... (1)

5.1.8 Kies die regte HOMOFOON. (1)

5.1.9 Gee die VERKLEININGSVORM van "hart". (1)

5.1.10 Skryf die TWEE woorde as EEN woord. (1)

5.1.11 Gee die OORTREFFENDE TRAP van "gevaarlik". (1)

5.1.12 Rangskik die woorde tussen hakies in die regte volgorde. Skryf die sin oor.

Die tiener drink koeldrank (vinnig, by die Spaza, vandag). (1)

5.1.12 Skryf die sin in die ONTKENNENDE VORM.

Baie drank maak iemand se hartritme vinniger. (2)

[14]

TEKS G: Prent



[Geneem uit *Afrikaans is lekker*]

Die gesin kuier baie lekker buite. Oupa sit by die tafel, terwyl ouma sorg dat daar lekker slaai en pap is. Die mans braai vleis. Die jong vrouens kyk na al die klein kindertjies. Die jong kinders hardloop in die tuin rond.

5.2.1 Kies die korrekte WOORD tussen hakies.

Die (deur/deer) van die huis staan oop. (1)

5.2.2 Vul 'n **komma** en 'n **punt** in die volgende sin in en onderstreep dit

Die broer swaer en die jongste sussie braai vleis (2)

5.2.3 Kies die regte woord tussen hakies:

Die jongste sussie dra 'n (pet/hoed). (1)

5.2.4 Kies die regte woord tussen hakies.

Die seuntjie en die dogtertjie (jaag/jag) mekaar. (1)

5.2.5 Kies die regte woord tussen hakies.

Die plante op die stoep is in (pote/potte) geplant. (1)

[6]

[TOTAAL AFDELING C: 40]

AFDELING D: LETTERKUNDE:

ANTWOORD DIE VRAE OOR DIE VOLGENDE TWEE KORTVERHALE

THABISO SE GROOT BLYDSKAP: *Marita van Aswegen:*

VRAAG 6

6.1 Aan watter klasprojek neem Thabiso deel? (1)

6.2 Waar bêre Thabiso sy spaargeld? (1)

6.3 Waarom praat Thabiso van hul vuurhoutjieboksiesteenhuisie? (1)

6.4 Kies die regte woorde tussen hakies:
Die persoon wat die kompetisie by die skool (verloor/wen) kry (R1000/R100) (2)

6.5 Kies die korrekte beskrywing in kolom B om by die persoon in kolom A te pas. Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte letter neer, bv 6.5.1 E.

KOLOM A	KOLOM B
6.5.1 Lethula 6.5.2 Thabiso 6.5.3 Ramosa 6.5.4 Malome Piti	A Hy het al drie waarskuwings vir die persoon wat drink, gegee B Hy kan nie lees nie. C Hy drink saam met Thabiso se pa D Hy jaag die skape uit die kamp

(4)

6.6 Kies die korrekte antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en letter (A-D) neer.

'n Klein dingetjie laat Pa sommer opvlam. Dit beteken dat…

A Thabiso se pa maak vining vuur.
B Thabiso se pa word gou kwaad vir sommer iets kleins.
C Thabiso se pa gebruik vuurhoutjies om vuur mee te maak.
D Thabiso se pa gebruik 'n klein dingetjie om vuur mee te maak. (1)

6.7 Wat se tipe werk doen Thabiso se ma? (1)

6.8 Thabiso moet die skape uit die kraal kry, want hulle moet geslag word.
6.8.1 Is die stelling WAAR of ONWAAR? (1)
6.8.2 Motiveer jou antwoord deur 'n feit uit die verhaal. (1)

6.9 Voltooi die paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (6.9.1 – 6.9.4) en die antwoord neer. (4)

donderweer; doodgaan; masels; verkoue

Thabiso onthou sy het vertel 'n mens kan ysterkruid fyn stamp vir (6.9.1)….. en jy kan dit ook drink vir (6.9.2)…..En 'n mens moet 'n kiepersol voor jou huis plant, want dit sal die (6.9.3)…..weghou. Sy het ook geglo daar moet kort, vet aalwyne in die tuin wees, want as iemand (6.9.4)…., moet hulle daarmee gewas word.

6.10 Wat gee Ramosa vir Thabiso om dankie te sê? (1)

6.11 Noem TWEE dinge wat jy uit die verhaal kan leer. (2)
(20)

EN

VRAAG 7: DIE SKAT: *Heleen Scholtz*

Die nag het nadergekruip en donker skadu's beweeg reeds op teen die suidelike hange van die Maluti's. Onder in die vallei, waar beeswagtertjies met hul troppe beeste teen die berg begin uitbeweeg, klink die gebulk op en eggo tot teen die oorkantste berge.

7.1 Kies die korrekte antwoord? Skryf slegs die vraagnommer en die letter neer, bv 7.1 E

Wat is die Maluti's

A Riviere
B Damme
C Berge
D Valleie (1)

7.2 Kies die regte woord tussen hakies.
Die verhaal van 'Die Skat' speel in (Swaziland/Lesotho) af. (1)

7.3 Kies die korrekte beskrywing in kolom B om by die persoon in kolom A te pas. Skryf slegs die vraagnr en die korrekte letter neer, bv 7.3.1 E (4)

KOLOM A	KOLOM B
7.3.1 Thabo	A Hy het goudstawe van 'n Engelse kaptein ontvang
7.3.2 Oupa Monyane	B Hy besef hy sal nooit 'n dorps- of stadsmens kan wees nie
7.3.3 Oupagrootjie	C Sy lê ook in die Maluti's begrawe
7.3.4 Ouma Thandi	D Hy is al oud en sy tandvleise kan net sagte kos kou

(4)

7.4 Hoekom het die regering vir die mense geld gegee? (1)

7.5 Watter TWEE damme is volgens die verhaal gebou? (2)

7.6 Wat het Thabo en oupa Monyane die hele nag gedoen voor hulle getrek het? (1)

7.7 Oupa Monyane bly baie lekker in hulle nuwe huisie.

7.7.1 Is die stelling WAAR of ONWAAR? (1)
7.7.2 Motiveer jou antwoord met 'n feit uit die storie. (1)

7.8 Voltooi die paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (7.8.1 – 7.8.5) en die antwoord neer. (5)

klip; boog; kop; pyl; slang

Al wat Thabo onthou is dat Ntja soos 'n (7.8.1)…uit 'n (7.8.2)…gekiet het en die (7.8.3)…..agter die nek gegryp het. Hyself het 'n (7.8.4)…in die hande gekry en die reptiel se (7.8.5) inmekaar geslaan.

7.9 Wat het Thabo saam met die vlag ontdek? (1)

7.10 Dink jy dis 'n gelukkige of 'n ongelukkige storie? Motiveer jou antwoord. (2)
(20)

TOTAAL AFDELING D: 40
GROOTTOTAAL: 120